SOUTHERN AFRICAN MUSIC RIGHTS ORGANISATION NPC

(Registrasienr. 1961/002506/08)

("**SAMRO**" of "**die Maatskappy**")

VOLMAGVORM

Moet ingevul word deur lede wat nie die Buitengewone Algemene Vergadering vir die lede van SAMRO kan bywoon nie wat gehou word op Dinsdag 11 September 2018 om 10h00, by die Wits Sport Konferensie Plek by Enoch Sontonga Ave, Universiteit van die Witwatersrand, Braamfontein, Johannesburg, 2000 (die "**EGM**").

Ek/ons _____ (Naam in blokletters)

van _____(Adres in blokletters)

wat lid is van SAMRO:

stel hiermee aan _____ van_____

of, as hy/sy nie kan nie, _____ van _____

of, as hy/sy nie kan nie, mnr Jerry Mnisi (Voorsitter van die Raad), as hy nie kan nie, me Sibongile Khumalo (Ondervoorsitter), as sy nie kan nie, me Nothando Migogo (Bedryfshoof), as my/ons gevolmagtigde om die bespreking by te woon en deel te neem namens my by die EGM met betrekking tot die stemming van die hersiene en voorgestelde Lidmaatskapreël.

Gewone resolusies: (Merk asseblief **een** per opsie)				
1.	**Kategorieë van lidmaatskap**	**Vir**	**Teen**	**Weerhou**
	Goedkeuring van die opvoerregte-lede gekategoriseer in Gewone Lid, Medelid en Volle Lid.			
	Goedkeuring van die opvoerregte-lede gekategoriseer in Medelid en Volle Lid.			
2.	**Om te kwalifiseer vir die eerste vlak van lidmaatskap van SAMRO**	**Vir**	**Teen**	**Weerhou**
(a)	***Hiermee word die besluit geneem dat, om te kwalifiseer vir die eerste vlak van lidmaatskap tot SAMRO:*** Outeurs moes ten minste R100 verdien het in die voorgaande jaar. En Uitgewers moes ten minste R 1 000 verdien het in die voorgaande jaar.			
(b)	***Hiermee word die besluit geneem dat, om te kwalifiseer vir die eerste vlak van lidmaatskap tot SAMRO:*** Outeurs moes ten minste R1 000 verdien het in die voorgaande jaar. En Uitgewers moes ten minste R10 000 verdien het in die voorgaande jaar.			
(c)	***Hiermee word die besluit geneem dat, om te kwalifiseer vir die eerste vlak van lidmaatskap tot SAMRO::*** Outeurs moes ten minste R500 verdien het in die voorgaande jaar. En Uitgewers moes ten minste R5 000 verdien het in die voorgaande jaar.			

3.	**Puntestelsel wat gebruik moet word wanneer 'n mede-outeurslid van SAMRO 'n volle outeurslid wil word:**	**Vir**	**Teen**	**Weerhou**
(a)	Aanhangsel C – opsie 1			
(b)	Aanhangsel C – opsie 2			
(c)	Aanhangsel C – opsie 3			
4.	**Samestelling en struktuur van die Raad**	**Vir**	**Teen**	**Weerhou**
(a)	***Daar word hiermee besluit dat die SAMRO-Raad die huidige struktuur sal behou met 'n maksimum van 14 raadslede en dat die samestelling en struktuur soos volg sal wees***: Die maksimum getal **uitvoerende** direkteurs sal wees **2** Die maksimum getal **nie-uitvoerende outeurs**direkteur**s** sal wees **6** Die maksimum getal **nie-uitvoerende uitgewers**direkteurs sal wees **4** Die maksimum getal **onafhanklike nie-uitvoerende** direkteurs sal wees **1** Die balans van die oop setels vir outeurs- of uitgewerslid sal wees **1**			
(b)	***Daar word hiermee besluit dat die SAMRO-Raad 'n maksimum van 14 raadslede sal hê en dat die samestelling en struktuur soos volg sal wees:*** Die maksimum getal **uitvoerende** direkteurs sal wees **2** Die maksimum getal **nie-uitvoerende outeurs**direkteurs sal wees **5** Die maksimum getal **nie-uitvoerende uitgewers**direkteurs sal wees **3** Die maksimum getal **onafhanklike nie-uitvoerende** direkteurs sal wees **3** Die balans van die oop setels vir outeurs- of uitgewerslid sal wees **1**			
(c)	***Daar word hiermee besluit dat die SAMRO-Raad 'n maksimum van 14 raadslede sal hê en dat die samestelling en struktuur soos volg sal wees:*** Die maksimum getal **uitvoerende** direkteurs sal wees **2** Die maksimum getal **nie-uitvoerende outeurs**direkteurs sal wees **6** Die maksimum getal **nie-uitvoerende uitgewers**direkteurs sal wees **4** Die maksimum getal **onafhanklike nie-uitvoerende** direkteurs sal wees **2**			

5.	**Publieke domein van werk**	**Vir**	**Teen**	**Weerhou**
(a)	***Hiermee word die besluit geneem dat SAMRO werke wat in die publieke domein is soos volg sal bly hanteer:*** 16.7% van gelde in outeursgeld verdien, sal geallokeer word aan die verwerker van die werke. 83.3% van die gelde van die werk in die publieke domein sal teruggeplaas word in die SAMRO-verspreidings.			
(b)	***Hiermee word die besluit geneem dat SAMRO werke wat in die publieke domein is soos volg sal hanteer:*** 50% van gelde in outeursgeld verdien, sal geallokeer word aan die verwerker van die werke 50% van die gelde van die werk in die publieke domein sal teruggeplaas word in die SAMRO-verspreidings.			
(c)	***Hiermee word die besluit geneem dat SAMRO werke wat in die publieke domein is soos volg sal hanteer:*** 100% van gelde in outeursgeld verdien, sal geallokeer word aan die verwerker van die werke.			
(d)	***Hiermee word die besluit geneem dat SAMRO werke wat in die publieke domein is soos volg sal hanteer:*** 30% van gelde in outeursgeld verdien, sal geallokeer word aan die verwerker van die werke. 70% van die gelde van die werk in die publieke domein sal teruggeplaas word in die SAMRO-verspreidings.			

'n Lid is daarop geregtig om die bogenoemde EGM by te woon en is daarop geregtig om 'n gevolmagtigde(s) aan te stel om die vergadering namens hom/haar by te woon en namens hom/haar te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van SAMRO te wees nie.

Geteken te _____op _____ 2018.

Handtekening_____ Naam _____

(wat sy/haar gesag om dit te doen, waarborg)

Let wel: Volmagvorms moet gestuur word en moet die geregistreerde kantoor van SAMRO bereik nie later nie as **16:00 op 07 September 2018**, of die herbelê van 'n verdaagde EGM. Kragtens artikel 63(1) van die Maatskappyewet, neem asseblief kennis dat alle lede van SAMRO wat deelneem aan die EGM, en/of hulle behoorlik aangestelde gevolmagtigdes, bevredigende identifikasie moet voorsien aan SAMRO wanneer hulle by die EGM aankom.

Dokumentêre bewys wat die gesag bevestig van 'n persoon wat hierdie volmagvorm teken in 'n verteenwoordigende kapasiteit (bv. vir 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, pensioenfonds, bestorwe boedel, ens.) moet by hierdie volmagvorm aangeheg word, tensy dit voorheen deur SAMRO aangeteken is (notarieel gesertifiseerde afskrifte van volmag of ander magte is aanvaarbaar).

Die benoemde gevolmagtigde moet 'n lid van SAMRO wees .

OPSOMMING VAN REGTE SOOS VERVAT IN AFDELING 58 VAN DIE MAATSKAPPYEWET

Kragtens afdeling 58 van die Maatskappyewet (*verwysings aan aandeelhouers vervang met lede*):

- **'n lid van 'n maatskappy mag, te eniger tyd en in ooreenstemming met die voorsienings van artikel 58 van die Maatskappyewet, enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n lid is nie) as 'n gevolmagtigde benoem om deel te neem, te praat en te stem by 'n ledevergadering namens sodanige lid;**

- **'n gevolmagtigde mag sy of haar gesag om op te tree namens 'n lid delegeer aan 'n ander persoon, onderhewig aan enige beperking soos uiteengesit in die instrument wat so 'n gevolmagtigde aanstel;**

- **ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om 'n gevolmagtigde te benoem, word die benoeming van 'n gevolmagtigde te eniger tyd opgeskort en in soverre die relevante lid besluit om direk te handel en persoonlik enige regte van sodanige lid se regte as 'n lid uit te oefen;**

- **enige benoeming van 'n gevolmagtigde lid kan herroep word, tensy die formaat van die instrument wat gebruik word om so 'n gevolmagtigde te benoem, anders bepaal;**

- **indien die benoeming van 'n gevolmagtigde herroep kan word, kan 'n lid die gevolmagtigde-benoeming herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer of 'n later onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en (ii) 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die relevante maatskappy af te lewer;**

- **'n gevolmagtigde wat deur 'n lid benoem word, is geregtig om enige stemreg van sodanige lid sonder aanwysing van sodanige lid uit te oefen of hom/haar daarvan te weerhou om dit uit te oefen, behalwe in soverre die maatskappy se akte van inkorporasie, of die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is, anders bepaal; en**

- **as die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde(s) benoem is deur 'n lid by 'n maatskappy afgelewer is, moet enige kennisgewing wat dan vereis word kragtens die Maatskappyewet of so 'n maatskappy se akte van inkorporasie, solank as wat die benoeming van krag is, afgelewer word by so 'n maatskappy aan:**

    - **die relevante lid; of**

    - **die gevolmagtigde(s) indien die relevante lid: (i) so 'n maatskappy skriftelik beveel het om dit te doen; en (ii) enige redelike fooi betaal het wat deur so 'n maatskappy gevra is om dit te doen.**

SAMRO Place, De Kortestraat 20, Braamfontein, Johannesburg 2001
Posbus 31609, Braamfontein, 2017

Maak asseblief seker dat voltooide en **getekende** volmagvorm SAMRO se kantoor bereik teen 16:00 op 07 September 2018. Die vorm kan gefaks word na **086 683 6908** of per e-pos gestuur word na **secretary@samro.org.za**.